Sing vooraf: Psalm 34:3.

-3-
Hul oog was op die HEER,
en - vreugde 't van hul uitgestraal;
nou wek by hul geen smaderstaal
'n blos van skaamte meer.
Ellendiges maak Hy
* wanneer hul in verdrukking kerm,
en niemand hom oor hul ontferm -
uit hul benoudheid vry.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.
Amen.

Lofpsalm 31:15

-15-
Hoe groot is, HEER, u seënstrome
vir wie opreg van gees
wil wandel in u vrees!
Hoe groot die vreugde van die vrome,
as almal klaar bemerk het
die heil wat U bewerk het.

Geloofsbelydenis: Apostolicum
Na die wet bely met ons Psalm16:2 voor God dat ons Hom alleen dien
Wet
Psalm 16:2

-2-
Wie hier 'n ander god met gawes eer,
dié sal homself met baie smarte pynig.
Ek sal sy offers uitgiet nòg begeer;
sy afgodsnaam sal nie my mond ontreinig.
My erfdeel is die HEER, my vreugdebeker,
my lot is in sy hand vir ewig seker.

Gebed.

- ***Doksologie:***
- ***Aanbidding:***
- ***Skuldbelydenis:***
- ***Vergifnis:***
- ***Dank:***
- ***Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God***
- ***Algemene bede:***
- ***Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:***

Amen.

Psalm 32:4

-4-
U is dit, HEER, wat tot my hulp gereed is,
'n skut en skerm in alle angs en leed is,
in nood my red, met jubels my omring,
en in my gees weer vreugde laat ontspring.
Maar nee, o God, u goedheid reik nog verder!
U sê: Ek wil jou oppas soos 'n herder,
en wil jou voet op veil'ge pad laat gaan,
waarop my oog jou altyd gadeslaan.

Skriflesing: Filippense 4.
Teks: Filippense 4:7

> **En die vrede van God, wat alle verstand te bowe gaan, sal julle harte en julle sinne bewaar in Christus Jesus. (Filippense 4:7 AFR1953)**

Nagmaal is vir die ware gelowige 'n gebeurtenis van blydskap, omdat dit hom weer verseker dat die Here hom sy sondes vergewe het, en dat die Here vir hom blyplek voorsien in die hiernamaals.

Hierdie blydskap behoort altyd deel te wees van ons gelowiges se lewens.

Ons let in die preek op die volgende dinge:
1. Die blydskap van die Filippense.
2. Wat is die gevolge daarvan dat ons die vrede van God ken?

1. Die blydskap van die Filippense.

Die Filippensegemeente was 'n baie besonderse gemeente. Hulle dorp se mense, en dus ook hulle gemeente was saamgestel uit mense uit 'n verskeidenheid van volke.

- Die dorpie het tot stand gekom hoofsaaklik as 'n aftreeplek vir Romeinse soldate.
- Hierdie soldate was nie net Romeine nie, daar was soldate van verskillende volksgroere.
- Daar het ook ander mense wat nie soldate was nie, in die plek gebly.

Mens kan ons voorstel dat dit 'n geharde gemeenskap was, waar mense maklik in konfliksituasies met mekaar kon beland.

- Nou laat die Here aan hulle weet: verbly julle in die Here.
- Blydskap, met ander woorde geloofsblydskap en lewensblyheid, is die grondtoon van die deel wat ons gelees het.

As vers 4 sê: **Verbly julle altyd in die Here; ek herhaal: Verbly julle!** is die bedoeling dat die gemeente daar in Filippi nie net moet praat oor blydskap nie.

- Dit moet uit hulle uitstraal.
- Hulle hele wese, en alles wat hulle doen moet bewys lewer van hulle blydskap wat hulle put uit hulle verhouding met die Here.

Daarom gaan vers 5 verder en sê dat die gemeentelede se vriendelikheid aan alle mense bekend moet word.

- Die gemeente moet so optree teenoor mekaar en teenoor ander mense dat almal bewus is van hulle welwillendheid teenoor ander mense.
- Almal moet kan sien dat hulle toegeeflik is teenoor ander mense, en dat hulle lewensstyl nie plek het vir onbeskoftheid, 'n agteraf geskinder en ander vorme van haatlikheid nie.

Die woorde: **alle mense** dra nogal besondere klem.

- Dit beteken dat die gemeente nie net *teenoor mekaar* liefde en hartlikheid moet bewys nie.
- Hulle moet letterlik *alle mense* betrek in hulle uitlewing van hulle vriendelikheid en begeesterdheid om die blydskap in die Here uit te dra.

Die invalshoek van hierdie teks is belangrik:

- Die gelowiges word nie hier gedreig met die oordeel van die Here by die wederkoms nie.

- Daar word nie gesê dat ons gestraf gaan word as die Here kom en Hy oordeel dat ons onvriendelik en ongasvry was nie.

Daar word van 'n heeltemal ander punt af uitgegaan:

- Julle moet bly wees in die Here!
- Die gedagte is dat daar nie veel tyd oor is nie, maar in die tyd wat wel oor is, moet ons voluit gaan in ons blydskap, sodat ons is wat ons moet wees wanneer die Here kom.

Vers 6 gee 'n mooi motivering waarom ons so voluit blymoedig moet wees.

- Dis net lewensblydskap in die Here wat kan maak dat ons sorge wegraak.
- Daar is net doodgewoon nie 'n mens wat nie die een of ander tyd kommer of vrees of onrustigheid deurmaak nie.
- Die goed soos kommer en swaarkry en ellendes lê aan die ander kant van die lewe as lewensblydskap.

Normaalweg laat hierdie soorte spanning ons in depressie verval. Maar daar is 'n pad uit; ons kan voorsorg tref dat hierdie dinge ons nie hard slaan nie.

- Ons het middele tot ons beskikking waarmee ons angs en vrees kan hanteer.
- Daarom staan hier dat ons in sulke tye met gebed en smeking en danksegging na die Here toe moet gaan.

Die vers handel eintlik oor ons persoonlike verhouding met die Here.

- Hoe bid ons?
- En wanneer bid ons?

Baie mense ken God net as daar moeilikheid in hulle lewens ontstaan. Dis verkeerd.

- Die Here leer ons baie duidelik dat Hy wil hê dat ons Hom moet aanbid,
    - met ander woorde vereer en dien,
    - dan ook nog smeek vir dit wat ons nodig het.
    - En baie belangrik: Ons moet ook dank!
- Die Here wil dus ons lewensblydskap in ons gebede ook beleef.

Die Here teken die ware gelowige dus hier as 'n mens wie se hart oorloop van Godsvreugde, en wat hierdie vreugde nie laat versteur deur die boosheid van mense, of deur die slegte waarmee die duiwel ons bekruip nie.

As ons verhouding met die Here so is dat ons alle hulp en alle seën van die Here verwag dan ken ons die vrede van God.

- Die vrede van God is om die genade van God te ontvang, en dit ons eie te maak.
- Die vrede van God is 'n vastigheid wat ons binne in ons het wat ons leer dat ons aan die Here behoort, en dat Hy ons liggaamlike en sielelewe volkome beheers ten goede.
- Die vrede van God is om te besef dat God my so liefhet dat Hy al hierdie genade aan my skenk, sonder dat ek iets verdien.
    - Genade is heeltemal 'n vrye gawe wat God gee.
- Die vrede van God is om sonder om te twyfel te weet dat ek met God versoen is in Jesus Christus.
- Die vrede van God is iets wat deur die Here bewerk word op 'n vlak waar my verstand nie meer kan bykom nie.
    - Dit oortref alle skranderheid

- Dit oortref alle redenasie
- Dit oortref alle menslike vermoëns.

Die vrede wat die Here ons gee, is dus iets wat uit genade deur Jesus Christus aan ons gegee word, en wat op so 'n hoë vlak lê dat onsself dit nie eers met ons verstand en intelligensie kan bewerk nie. Dit gaan alles te bowe.

2. Wat is die gevolge daarvan dat ons die vrede van God ken?

Ons gaan dadelik eerlik en goed lewe.

- Omdat ons die vreugde ken om aan die Here te behoort, en die vrede van verlos wees in ons ronddra, gaan ons net dinge doen wat eerbaar is, en wat rein is.
- Die lieflikheid van die Here se teenwoordigheid gaan uit ons uitstraal!

Maar ons goeie lewe gaan gekenmerk word deur 'n bepaalde styl:

- Ons gaan nie met swaarmoedigheid en moeite deugdelike en loflike dinge doen nie.
- So asof ons met moë voete deur ons regverdige lewe sleep nie. Ons gaan met blydskap en lewensvreugde hierdie lewe ly.
- Almal gaan in die jubeling waarmee ons alles aanpak, en loflik lewe, sien in watter verhouding ons met God staan.
- Natuurlik sal dit die mense wat hierdie dinge nie het nie, dan aanspoor om ook hierdie vrede en lewensblydskap van God te bekom.
- *Dan wen ons ons naaste vir Christus!*

Pas nou eers hierdie dinge toe op ons lewens en op Nagmaal.
Hoe leef ons? Het u al opgelet hoe ons groet?

- As iemand na ons welstand vra, is daar bitter min mense wat dadelik, spontaan met stralende lewensblydskap antwoord dat dit goedgaan.
- Ons sê gewoonlik dat ons nog hou, of dat dit so-so gaan, of ons sê baie traag dat dit goed gaan.
- Maar die feit is dat ons groetery nie altyd die indruk van die vreugde en die vrede in die Here weerspieël nie.

Nou moet ons besef dat die Here ons almal oproep om aan die Nagmaal tafel te kom aansit. Ons is besig om ons daarvoor voor te berei.

- Aan daardie tafel gaan Hy die grootste wonderdaad denkbaar aan ons openbaar, naamlik dat ons in vreugde en blydskap moet lewe, omdat Hy alle smart en kommer vir ons aan die kruis gedra het.
- Ons gaan weer hoor dat Hy ons sondes vergewe het - ook die sonde van swaarmoedigheid en gebrek aan vreugde en blydskap.
- Dis nie so dat ons nie vreugde en blydskap het om te vier nie. Dis net so dat ons dit dikwels nie wil raaksien en uitleef nie! Dit is sonde.

Die Here gaan ons ook aan die Nagmaaltafel verseker dat ons in hierdie lewe met krag en majesteit oor alles wat sleg en ontmoedigend is kan heenleef omdat ons in Jesus Christus daarvan vrygemaak is.

Ons kry ook die versekering dat daar in die Here Jesus vir ons voorsiening gemaak is vir die hiernamaals.

Broeders en susters, dink mooi oor wat dit beteken, en dan sal ons besef dat ons ons aanslag op die

lewe so sal moet wysig dat ons met blydskap en vreugde die vrede van God verkondig totdat die Here kom. Ons het die roeping dat wanneer die Here kom, ons Hom inwag met vrede en vreugde.

Dit sal gestalte kry in ons lewe van die oomblik: Doen dan alles wat waar en eerbaar is; Lewe regverdig en heilig; Doen dinge wat lieflik en loflik is.
Amen.

Slotgebed.

Slotpsalm 43:4

-3- Send, HEER, uit hemelse geweste u lig en waarheid neer op my! Laat dié my bring na Sions veste, want daar is 't my die allerbeste, waar ek, u woning ingelei, my in u diens verbly.	-4- Dan gaan ek in na Gods altare, tot God, my God, my vreugd en lied; dan speel ek met die harpenare, dan ruis vir U my blye snare - vir U wat my, ná kort verdriet, 'n eewge vreugde bied.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.
Amen.

Dr. M.J. du Plessis
Gereformeerde Kerk Bellville
Datum: 20 Mei 2007 (oggend)